

HOOFFOTO GALLO IMAGES / GETTY IMAGES

selfs klein verskilletjies tel

• **Koop plaaslik en vermy oormatige verpakking.** Koop vleis by die slagter, vis by die viswinkel en groente by die groentewinkel. Jy kan boonop vra oor waar die produkte vandaan kom, hoe vars dit is en dalk selfs knibbel oor die prys. • **Pleks van insekgif, probeer:** Sit 'n paar druppels skottelgoedwasmiddel, twee brandrissies en 'n huisie knoffel, albei baie fyn gekap, in 'n handsproeibottel en vul met water. • **As jy nie hou van die lig van kragbesparingsgloeilampe nie:** Verf die binnekant van karton-, papier- of perkamentskerms met nievlambare pienk verf.

liewe aarde

saamgestel deur corné coetzee
cornecoetzee@mweb.co.za

KOOP VIR JOU

Penguin-uitgewers het 'n hele paar omgewingsvriendelike praktyke begin volg. Hul Britse en Amerikaanse takke het onder meer elkeen tienduisende bome laat plant. Hulle publiseer ook gereeld boeke oor 'n ekologies verantwoordelike leefwyse. Hier is 'n paar titels wat verlede jaar verskyn het en wat elkeen baie praktiese inligting bevat: • ***The New Complete Book of Self-sufficiency*** deur John Seymour (R350). • ***Easy Eco Auditing*** deur Donna-chadh McCarthy (R140). Hy het ook die blitsverkoper ***Saving the Planet without Costing the Earth*** (2005) geskryf. • ***A Lighter Footprint*** deur Angela Crocombe (R185). • ***Grow Organic*** deur Louise Abbott (R300). • Jane Griffiths se **Jane's Delicious Garden** oor die kweek van organiese groente in Suid-Afrika het pas by Jonathan Ball verskyn.



Die Polistireenverpakkingsraad (PSPC) is verlede jaar gestig en doen reeds baie goeie werk met sy polistireenbewusmakingsveldtog. Die raad lig verbruikers in oor die herwinbaarheid van polistireen, wat daarmee gemaak kan word en die voordele daarvan - dis baie lig om te vervoer en volkome herwinbaar. Daarbenewens werk hulle fluks aan die infrastruktuur om die herwinning van polistireen uit te brei. Les bes, jy kan maklik by hulle vasstel waarheen polistireen geneem kan word as jy dit wil laat herwin. Meer inligting by die PSPC-direkteur Adri Spangenberg 011 793 2658 of www.polystyrenepackaging.co.za of stuur 'n e-pos na info@polystyrenepackaging.co.za

Die Departement van Water en Bosbou. Weens meer as 'n eeu se grootliks ongereguleerde goudontginning het ons nou in die meeste goudmyngebiede 'n erfenis van suur- en swaarmetaalbesoedeling in riviere. Krokodille vrek weens besoedeling in ons riviere. Cholera versprei in Limpopo. Verantwoordelikheid vir die beveiliging van ons water word soos 'n warm patat tussen die staat, provinsies, stadsrade en nywerhede aangestuur. Die Departemente van Minerale en Energie asook Omgewingsake kan ook maar 'n doring kry vir die swak kommunikasie tussen dié drie departemente oor ons water, grond en lug.

WEES INGELIG

Die gemiddelde Suid-Afrikaner produseer tussen 7,8 en 11 ton koolstof per jaar en sy gemiddelde ekologiese voetspoor is 2,1 hektaar ('n volhoubare voetspoor is 1,5 tot 1,7 hektaar vir elke mens op aarde). Dis merkwaardig dat die grootste bydraende faktor nie die hoeveelheid elektrisiteit is wat ons gebruik of die myle wat ons met motors ry nie, maar wel die kos wat ons eet. Die roete van "plaas na vurk" begin by die boerdery, dan vervoer - soms derduisende kilometers, verpakking en prosessering, asook ons koopgewoontes en voorbereidingmetodes.